



Government Gazette Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUIDAFRIKA

Vol. 621

24 March
Maart 2017

No. 40711

PART 1 OF 2

N.B. The Government Printing Works will not be held responsible for the quality of "Hard Copies" or "Electronic Files" submitted for publication purposes

ISSN 1682-5843



9 771682 584003

40711



AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

DEPARTMENT OF HIGHER EDUCATION AND TRAINING

NO. 252

24 MARCH 2017

HIGHER EDUCATION ACT, 1997 (Act No. 101 of 1997)**INSTITUTIONAL STATUTE: NORTH WEST UNIVERSITY**

I, Dr Bonginkosi Emmanuel Nzimande, MP, Minister of Higher Education and Training, in accordance with section 33 (1) of the Higher Education Act, 1997 (Act No. 101 of 1997), hereby publish the Institutional Statute of the North West University set out in the Schedule hereto.



Dr BE Nzimande, MP

Minister of Higher Education and Training

Date: 14/02/2017

STATUUT VAN DIE NOORDWES-UNIVERSITEIT

AANHEF

NADEMAAL DIE NOORDWES-UNIVERSITEIT

- behoorlik tot stand gebring is ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997;

EN NADEMAAL DIE NOORDWES-UNIVERSITEIT

- 'n unitêre multikampusinstelling is;
- gedryf word deur die waardes soos vervat in die Grondwet, vernaamlik met betrekking tot menswaardigheid, gelykheid en vryheid;
- 'n eie identiteit, institusionele kultuur en etos het, gebaseer op sy eenheid en waardes, en wat betrokke personeel en studente oplewer wat gekenmerk word deur die waardes van etiek in alle strewes, akademiese integriteit, akademiese vryheid en vryheid van wetenskaplike navorsing, verantwoordelikheid, aanspreeklikheid, regverdigheid en deursigtigheid en deur 'n waardering vir diversiteit;
- eenheid in diversiteit bevorder deur inskerping van verdraagsaamheid en respek vir alle standpunte en geloofstelsels ten einde 'n geskikte omgewing vir onderwys, leer, navorsing en gemeenskapsdiens te verseker.

EN NADEMAAL DIE NOORDWES-UNIVERSITEIT

- daartoe verbind is om 'n internasionaal erkende universiteit in Afrika te wees wat bekend is vir sy wetenskapsbeoefening, akademiese uitnemendheid, maatskaplike verantwoordelikheid en 'n sorgsaamheidsetiek;
- ten doel het om uit te munt in innoverende leer en onderrig asook baanbrekersnavorsing, om sodoende die gemeenskap deur kennis te dien;
- verbind is tot die ontwikkeling van 'n omvattende reeks akademiese, professionele, beroeps- en algemene programme wat ingestel is op die samelewing se behoeftes;
- ingestel is op die welsyn van sy personeel, studente en die breër gemeenskap deur optimale interaksie, kapasiteitsbou en goeie bestuurspraktyke.

NOU, DERHALWE, MAAK DIE RAAD VAN DIE NOORDWES-UNIVERSITEIT HIERDIE STATUUT SOOS VOLG:

ORDENING VAN STATUUT

HOOFSTUK 1

WOORDOMSKRYWINGS EN VERTOLKING

1. Woordomskrywings
2. Vertolking en toepassing

HOOFSTUK 2

BEHEERSTRUKTURE EN ANDER STRUKTURE

3. Naam, setel en status van Universiteit

RAAD

4. Samestelling en lidmaatskap
5. Verkiesing van lede
6. Voorsitter en ondervoorsitter
7. Funksies en magte
8. Vergaderings
9. Kworum
10. Besluite en prosedures by vergaderings
11. Uitvoerende komitee
12. Verkiesing van lid van raad in senaat

SENAAT

13. Samestelling en lidmaatskap
14. Funksies, gesag en aanspreeklikheid
15. Vergaderings
16. Kworum
17. Besluite en prosedures by vergaderings
18. Uitvoerende komitee van die senaat
19. Vaste komitees van die senaat

FAKULTEITSRADE

20. Samestelling, funksies en lidmaatskap
21. Vergaderings en prosedures

INSTITUSIONELE FORUM

22. Samestelling en lidmaatskap
23. Funksies
24. Vergaderings en prosedures
25. Komitees en substrukture

VERTEENWOORDIGENDE STUDENTERAAD

26. Samestelling en lidmaatskap
27. Funksies

28. VSR- en KSR-grondwette

29. Intervensie

KONVOKASIE

30. Samestelling en grondwet van die konvokasie

31. Doelstelling en funksies

32. Lidmaatskap en stemreg

33. President en uitvoerende komitee

34. Vergaderings

DONATEURS

35. Erkenning en funksionering

HOOFSTUK 3

AMPSDRAERS VAN DIE UNIVERSITEIT

KANSELIER

36. Pligte

37. Vereistes

38. Benoeming en verkiesing

39. Ampstermyn

40. Neerlegging van amp

41. Vul van vakature

HOOF EN VISEKANSELIER

42. Pligte en aanspreeklikheid

43. Vereistes

44. Aanstelling

45. Ampstermyn

46. Neerlegging van amp

47. Vul van vakature

48. Waarnemende visekanselier

ADJUNKHOOF

49. Pligte en aanspreeklikheid

50. Aanstelling, ampstermyn, neerlegging van amp en vul van vakature

ADJUNKVISEKANSELIERS

51. Pligte en aanspreeklikheid

52. Aanstelling, ampstermyn, neerlegging van amp, waarnemende adjunkvisekanseliers en vul van vakatures

REGISTRATEUR

53. Pligte en aanspreeklikheid

54. Aanstelling, ampstermyn, neerlegging van amp, waarnemende registrator en vul van vakature

UITVOERENDE DIREKTEURS

55. Pligte en aanspreeklikheid

56. Aanstelling, ampstermyn, neerlegging van amp, waarnemende uitvoerende direkteurs en vul van vakatures

UITVOERENDE DEKANE

57. Pligte en aanspreeklikheid
58. Aanstelling, ampstermyn, neerlegging van amp, waarnemende uitvoerende dekane en vul van vakatures

ADJUNKDEKANE

59. Pligte en aanspreeklikheid
60. Aanstelling, ampstermyn, neerlegging van amp, waarnemende uitvoerende dekane en vul van vakatures

AKADEMIESE DIREKTEURS

61. Pligte en aanspreeklikheid
62. Aanstelling

UNIVERSITEITSBESTUURSKOMITEE

63. Samestelling en lidmaatskap
64. Funksies

HOOFSTUK 4

WERKNEMERS

65. Aanstelling
66. Vergoeding
67. Evaluering
68. Tug
69. Vakbonde

HOOFSTUK 5

STUDENTE

70. Toelating en registrasie
71. Tug
72. Wangedrag
73. Tugliggame
74. Tugprosedures
75. Strawwe
76. Appèlle

HOOFSTUK 6

KWALIFIKASIES EN TOEKENNINGS

77. Vereistes
78. Toekenning van kwalifikasies

79. Eregrade en -toekennings

HOOFSTUK 7

ALGEMEEN

80. Reëls

81. Delegasies

82. Oorgangsbepalings

83. Wysiging van statuut

84. Herroeping van statuut

85. Inwerkingtreding

HOOFSTUK 1

WOORDOMSKRYWINGS EN VERTOLKING

Woordomskrywings

1. In hierdie statuut, tensy dit uit die samehang anders blyk, het enige woord of frase die betekenis wat die Wet daaraan toeskryf, en beteken –
 - “**adjunkdekaan**” ’n persoon wat aangestel is ingevolge paragraaf 59 en 60;
 - “**adjunkhoof**” die persoon wat aangestel is ingevolge paragraaf 50(1) in ooreenstemming met artikel 26(2)(d) van die Wet;
 - “**adjunkvisekanselier**” ’n persoon wat aangestel is ingevolge paragraaf 51 en 52;
 - “**akademiese direkteur**” ’n persoon wat aangestel is ingevolge paragraaf 61 en 62;
 - “**akademiese eenheid**” ’n skool of navorsingsentiteit wat tot stand gebring is om funksies te verrig met betrekking tot onderrig-leer, navorsing, akademiese evaluering en implementering van kundigheid;
 - “**akademiese personeel**” enige werknemer wat aangestel is as ’n professor, medeprofessor, senior lektor, lektor of junior lektor, of wat andersins as sodanig aangewys is deur die raad, hoofsaaklik om take met betrekking tot akademiese funksies te verrig, naamlik onderrig-leer, navorsing en implementering van kundigheid;
 - “**alumni**” alle persone wat grade of diplomas of sertifikate aan die Universiteit of een van sy voorgangers verwerf het;
 - “**bestuurskomitee**” die komitee wat tot stand gebring is ingevolge paragraaf 63(1);
 - “**donateur**” ’n persoon soos bedoel in paragraaf 35(1);
 - “**eregraad**” ’n toekenning deur die Universiteit ingevolge paragraaf 78 en sluit in ’n eregraad, kanseliersmedalje of enige ander toekenning waardeur ’n persoon of entiteit vereer word;
 - “**fakulteit**” ’n akademiese bestuurstruktuur wat tot stand gebring is ingevolge paragraaf 7(1)(e) en 14(1)(c);
 - “**fakulteitsraad**” ’n vaste komitee van die senaat wat tot stand gebring is ingevolge paragraaf 20;
 - “**Grondwet**” die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;
 - “**institusionele forum**” die institusionele forum van die Universiteit wat tot stand gebring is ingevolge paragraaf 22 in ooreenstemming met artikel 26(2)(f) en 31 van die Wet;
 - “**kampus**” die Mafikengkampus geleë in Mahikeng, die Potchefstroomkampus in Potchefstroom en die Vaaldriehoekkampus in Vanderbijlpark, en ander lokaliteite soos bepaal deur die raad en goedgekeur deur die Minister ingevolge artikel 65A(2) van die Wet;
 - “**konvokasie**” die vereniging van alumni van die Universiteit waarna verwys word in paragraaf 30 en 31 en wat tot stand gebring is ingevolge artikel 26(2)(g) van die Wet;
 - “**kort leerprogram**” enige intervensie deur onderrig en leer waarvan die besonderhede nie op die NWU se program- en kwalifikasiemengsel as ’n formele akademiese program of kwalifikasie gelys is nie, wat gratis of teen betaling of ander vorm van vergoeding aangebied word, of waarvoor ’n NWU-sertifikaat of ander vorm van erkenning waarop die embleem van die NWU verskyn, uitgereik word;

“KSR” ’n kampusstudenteraad waarvoor voorsiening gemaak word in paragraaf 26-29;

“kwalifikasie” enige formele kwalifikasie geregistreer op die subraamwerk, met inbegrip van ’n graad, diploma of sertifikaat;

“Minister” die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding;

“ondersteuningspersoneel” alle personeel uitgesonderd akademiese personeel;

“raad” die raad van die Universiteit tot stand gebring deur paragraaf 4(1) ingevolge artikel 26(2)(a) en 27 van die Wet;

“reëls” die reëls afgekondig deur die raad ingevolge artikel 32(1)(b) van die Wet om uitvoering te gee aan die statuut;

“registrateur” die persoon na wie verwys word in artikel 26(4)(b) van die Wet en paragraaf 53, aangestel ingevolge paragraaf 54;

“senaat” die senaat waarvoor voorsiening gemaak word in artikel 26(2)(b) van die Wet en tot stand gebring word ingevolge paragraaf 13;

“student” ’n persoon wat toegelaat word en as ’n student geregistreer word om ’n kwalifikasie te verwerf;

“uitvoerende dekaan” ’n persoon wat aangestel is ingevolge paragraaf 57 en 59;

“uitvoerende direkteur” ’n persoon wat aangestel is ingevolge paragraaf 55 en 56;

“Universiteit” die Noordwes-Universiteit of NWU;

“universiteitsjaarboek” die dokument wat jaarliks deur die Universiteit gepubliseer word wat die algemene akademiese reëls en die fakulteitsreëls van alle fakulteite en enige ander inligting met betrekking tot die Universiteit en fakulteite bevat wat van waarde is vir voornemende en huidige studente, akademiese en administratiewe personeel en bestuur;

“universiteitsjaarkalender” ’n kalender met die datums van amptelike universiteitsgebeure in ’n bepaalde kalenderjaar, soos goedgekeur deur die raad en jaarliks gepubliseer deur die registrateur;

“vakbond” ’n vakbond geregistreer ingevolge artikel 96 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995);

“visekanselier” die hoof, en hoof uitvoerende en rekenpligtige beambte van die Universiteit aangestel ingevolge paragraaf 42, 44 en 45, wat die hoof van die Universiteit is soos bedoel in artikel 26(2)(c) en 30 van die Wet;

“VSR” die verteenwoordigende studenteraad waarvoor voorsiening gemaak word in paragraaf 26-29;

“werknemers” die akademiese en ondersteuningspersoneel van die Universiteit soos bedoel in paragraaf 65 tot 69, hetsy aangestel op ’n permanente, tydelike of vastetermynbasis;

“Wet” die Wet op Hoër Onderwys, 1997 (Wet 101 van 1997).

Vertolking en toepassing

- 2.** Hierdie statuut word vertolk en toegepas in die gees van en behoudens die bepalings van die Grondwet en die Wet.

HOOFSTUK 2

BEHEERSTRUKTURE EN ANDER STRUKTURE

Naam, setel en status van Universiteit

- 3.(1) Die naam van die Universiteit is Noordwes-Universiteit in Afrikaans, North-West University in Engels, en Yunibesiti ya Bokone-Bophirima in Setswana.
- (2) Die setel van die Universiteit is Potchefstroom, met kampusse op Mahikeng, Potchefstroom, Vanderbijlpark, en ander lokaliteite soos bepaal deur die raad en goedgekeur deur die Minister.

RAAD

Samestelling en lidmaatskap

- 4.(1) Die raad van die Universiteit wat die Universiteit beheer, bestaan uit –
 - (a) die visekanselier;
 - (b) die adjunkhoof;
 - (c) drie persone wat deur die senaat verkies word, ingevolge paragraaf 5;
 - (d) twee persone wat uit eie geledere deur die akademiese personeel verkies word, ingevolge paragraaf 5;
 - (e) twee persone wat uit eie geledere deur die ondersteuningspersoneel verkies word, ingevolge paragraaf 5;
 - (f) drie studente wat deur die VSR aangewys word, ingevolge paragraaf 5;
 - (g) vyf persone wat deur die Minister aangewys word;
 - (h) drie persone wat nie werknemers van die Universiteit is nie wat deur die raad van donateurs verkies word;
 - (i) vier persone wat deur die konvokasie verkies word, ingevolge paragraaf 5;
 - (j) drie persone wat ooreenkomstig die reëls uit die geledere van die Universiteit se gemeenskapsleiers aangewys word; en
 - (k) drie persone wat nie werknemers van die Universiteit is nie, wat vir hul spesifieke kundigheid deur die raad aangewys word.
- (2) Benewens die vereistes van artikel 27 van die Wet –
 - (a) moet 'n lid 'n persoon wees wat oor kennis en ervaring beskik wat toepaslik is vir die doelstellings en korporatiewe bestuur van die Universiteit;
 - (b) moet lede van die raad en van raadskomitees in die beste belang van die Universiteit in die oorlegplegings van die raad deelneem;
 - (c) moet die nodige sensitiwiteit vir ras, geslag en gestremdheid aan die dag gelê word in die verkiesing, aanwysing en aanstelling van lede;
 - (d) mag geen persoon in meer as een hoedanigheid op die raad dien nie.
- (3)
 - (a) Die ampstermyn van 'n lid soos bedoel in paragraaf (1)(c), (d), (e), (g), (h), (i), (j) en (k) is drie jaar vanaf die datum van hul verkiesing, aanwysing of aanstelling.
 - (b) Die ampstermyn van 'n lid soos bedoel in paragraaf (1)(f) is één jaar vanaf die datum van sy of haar aanwysing.
- (4) 'n Persoon wie se lidmaatskap deur tydsverloop verval het, kwalifiseer vir herverkiesing, heraanwysing of heraanstelling vir één verdere opeenvolgende termyn.
- (5) Lidmaatskap van die raad word beëindig indien 'n lid –

- (a) skriftelik by die voorsitter bedank;
 - (b) waar van toepassing ophou om 'n werknemer van die Universiteit te wees;
 - (c) van drie opeenvolgende gewone vergaderings van die raad afwesig is sonder dat verskoning vir afwesigheid vooraf aangebied en formeel deur die raad aanvaar is;
 - (d) deur 'n hof insolvent verklaar word;
 - (e) skuldig bevind word aan enige misdryf wat oneerlikheid behels of waarvoor die vonnis gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete is;
 - (f) onbekwaam word om die ampspligte te vervul, of sy/haar voortgesette lidmaatskap as onbehoorlik beskou word ná 'n behoorlike proses ooreenkomstig die voorgeskrewe gedragskode, met inagnome van die bepalinge van die Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtheid, Wet 3 van 2000;
 - (g) 'n lid is ingevolge paragraaf 4(1)(c), (d), (e), (f), (h) of (i) en ophou om 'n lid te wees van die liggaam wat die lid aangewys of verkies het;
 - (h) skuldig bevind word aan die oortreding van 'n gedragskode of die reëls in dissiplinêre stappe teen die lid deur die raad, en die raad 'n aanbeveling deur die tugkomitee bevestig om lidmaatskap te beëindig; of
 - (i) 'n raadslid word van 'n ander hoëronderwysinstansie, of in 'n bestuurshoedanigheid in diens geneem word deur 'n ander hoëronderwysinstansie.
- (6) Minstens drie maande voor verstryking van die ampstermyn van 'n lid, of so gou as wat redelikerwys moontlik is indien lidmaatskap van 'n lid van die raad om enige rede voor verstryking van die ampstermyn beëindig word, gee die registrateur skriftelik aan die raad en aan die liggaam of persoon wat die lid aangestel, verkies of aangewys het kennis van die vakature.
- (7) Indien 'n vakature vóór die verstryking van 'n betrokke ampstermyn sou ontstaan, word 'n nuwe raadslid vir 'n volledige termyn verkies, aangestel of aangewys.

Verkiesing van lede

5. (1) Wanneer 'n vakature ontstaan in die lidmaatskap van die komponent van die raad soos bedoel in paragraaf 4(1)(c), (d), (e), (f) of (i) deur verstryking van tyd, moet die registrateur betyds, soos bepaal deur die reëls wat op die betrokke liggaam of groepering betrekking het, skriftelik elke lid van die liggaam of groepering wat daarop geregtig is om deel te neem aan die verkiesing van raadslede van die vakature in kennis stel.
- (2) Om te kwalifiseer vir verkiesing moet 'n kandidaat 'n lid wees van die betrokke liggaam of groepering, en benoem word op 'n vorm soos voorgeskryf deur die registrateur, en onderteken deur die benoemde en ten minste twee persone wat daarop geregtig is om te stem in die verkiesing.
- (3) Die benoemingsvorm moet ingedien word by die registrateur voor die verstryking van 'n tydperk soos bepaal in die reëls wat betrekking het op die betrokke liggaam of groepering.
- (4) So gou moontlik na die verstryking van die benoemingstydperk stel die registrateur elke lid van die betrokke liggaam of groepering skriftelik van al die geldige benoemings in kennis.
- (5) By die eersvolgende gewone vergadering van die betrokke liggaam of groepering moet die vakature of vakatures gevul word by wyse van 'n geheime stemming in 'n prosedure soos bepaal in die reëls wat betrekking het op die betrokke liggaam of groepering.

- (6) Indien dit weens die aard of samestelling van die betrokke liggaam of groepering, of weens bepaalde omstandighede, onmoontlik of onprakties is vir die stemgeregtigde lede van sodanige liggaam of groepering om formeel te vergader vir so 'n verkiesing, moet die vakature of vakatures gevul word deur geheime stemming in 'n veilige verkiesingsproses waarvoor voorsiening gemaak word in die reëls en wat elektronies bestuur word onder die toesig van die registrateur.
- (7) Die nodigheid om die prosedure te volg soos bedoel in subparagraaf (7) moet bepaal word deur die voorsitter van die raad – op advies van die registrateur en ná oorleg met die voorsitter van die betrokke liggaam of groepering.
- (8) In die geval van die beëindiging van lidmaatskap van 'n verkose lid van die raad vóór verstryking van sy/haar ampstermyn moet die registrateur toesien dat 'n verkiesing so gou moontlik gehou word om die vakature te vul.
- (9) Vir die vul van 'n vakature soos bedoel in subparagraaf (9) geld die bepalings van subparagraaf (1) tot (8) met die nodige wysigings.

Voorsitter en ondervoorsitter

- 6.(1) Die raad kies by wyse van geheime stemming 'n voorsitter en 'n ondervoorsitter uit die gelede van die lede soos bedoel in paragraaf 4(1)(g) tot (k).
- (2) Die voorsitter en ondervoorsitter beklee hul onderskeie ampte vir 'n termyn van drie jaar, en mag volgens die reëls vir één opeenvolgende termyn van drie jaar herverkies word.
- (3) Indien die amp van voorsitter of ondervoorsitter as gevolg van tydsverloop vakant raak, gee die registrateur op die voorlaaste vergadering van die raad gedurende die betrokke ampstermyn daarvan kennis, en kies die raad op die daaropvolgende gewone vergadering 'n opvolger.
- (4) Indien die amp van voorsitter of ondervoorsitter om enige ander rede as tydsverloop vakant raak, stel die registrateur elke lid van die raad skriftelik daarvan in kennis, en kies die raad op die eersvolgende vergadering 'n opvolger.

Funksies en magte

- 7.(1) Die raad beheer die Universiteit ingevolge die Wet, hierdie statuut en die reëls, en kan –
 - (a) die statuut opstel en wysig;
 - (b) die strategiese en prestasieplanne van die Universiteit goedkeur en aanvaar;
 - (c) reëls maak en die Universiteit se beleide en prosedures bepaal;
 - (d) bedryfsprestasie en bestuur monitor en toesig hou oor risikobestuur;
 - (e) akademiese strukture en eenhede, met inbegrip van fakulteite, op aanbeveling van die senaat tot stand bring; en
 - (f) ander entiteite en strukture tot stand bring – onderhewig aan die aanbeveling van die visekanselier en, waar toepaslik, die senaat.
- (2) Die raad moet 'n oudit-, risiko- en voldoeningskomitee, 'n vergoedingskomitee en 'n finansiële komitee tot stand bring, en kan addisionele komitees tot stand bring wat nodig geag word vir die uitvoer van sy funksies, insluitende gesamentlike komitees met die senaat.
- (3) Enige bepaling van die statuut wat van toepassing is op 'n lid van die raad, met inbegrip van die gedragskodes soos bedoel in artikel 27(7E) van die Wet, geld ook met die nodige wysigings vir 'n lid van 'n raadskomitee wat nie 'n raadslid is nie.

- (4) Behoudens subparagraaf (5) en paragraaf 81 mag die raad enige van sy funksies delegeer aan 'n komitee wat tot stand gebring is in subparagraaf (2) en mag enige van sy magte aan enige struktuur, werknemer of liggaam van die Universiteit delegeer. Die raad bly egter steeds verantwoordelik vir die toepassing en die uitvoer van die gedelegeerde funksies.
- (5) (a) Die raad mag nie enige van die volgende funksies delegeer nie –
- (i) totstandbrenging, herstrukturering of ontbinding van fakulteite;
 - (ii) die aanstelling van die visekanselier en lede van die bestuurskomitee, sowel as die interne ouditeur;
 - (iii) die wysiging van sodanige algemene diensvoorwaardes of ampstermyne van die werknemers soos voorgeskryf deur die raad;
 - (iv) die goedkeuring van die Universiteit se jaarlikse begroting;
 - (v) die aanvaarding van die ongeouditte halfjaar finansiële state en die geouditte finansiële state;
 - (vi) die bepaling van die gelde wat betaal moet word deur studente;
 - (vii) die opstel of wysiging van die statuut;
 - (viii) die bevoegdheid om 'n lening of oortrekking namens die Universiteit te bekom;
 - (ix) die besluit om die oprigting van 'n permanente gebou of ander onroerende infrastruktuurontwikkeling aan te pak; en
 - (x) die aankoop van onroerende eiendom of die aangaan van langtermynhuurooreenkomste van onroerende eiendom.
- (6) Die taalbeleid van die Universiteit soos bepaal deur die raad ingevolge artikel 27(2) van die Wet, moet buigsaam en funksioneel wees, en moet taalwanbalanse van die verlede regstel en meertaligheid, toegang, integrasie en 'n gevoel van tuiswees bevorder.
- (7) Die raad stel werknemers aan of delegeer die aanstelling van die werknemers van die Universiteit in ooreenstemming met die reëls, dit bepaal die diensvoorwaardes, voorregte en funksies en tugmaatreëls wat van toepassing is op werknemers; en, ingevolge die reëls, bepaal die raad dat niemand by magte is om 'n persoon aan te stel wat direk aan sodanige persoon rapporteer nie.
- (8) Die raad moet, ná oorlegpleging met die VSR, 'n geskikte struktuur daarstel om die raad te adviseer oor die beleid vir studentesteundienste binne die NWU.

Vergaderings

- 8.(1) Die raad vergader ten minste vier keer per jaar volgens die universiteitsjaarkalender, op 'n tyd en plek deur die raad bepaal.
- (2) Minstens 14 dae voor die datum wat vir 'n gewone vergadering vasgestel is, stel die registrateur elke lid skriftelik in kennis van die tyd wanneer en die plek waar die vergadering gehou sal word, en van die besonderhede van alle sake wat op die vergadering behandel sal word.
- (3) Die voorsitter kan te eniger tyd 'n buitengewone vergadering vir 'n bepaalde doel belê, en moet so 'n vergadering belê indien minstens vyf lede dit met vermelding van die doel van die vergadering skriftelik versoek.
- (4) Subparagraaf (2) geld met die nodige wysigings ook wanneer 'n buitengewone vergadering belê word.
- (5) Op versoek van die visekanselier of 'n raadslid, en met die instemming van die voorsitter, kan enige ander persoon 'n raadsvergadering bywoon.

Kworum

- 9.(1) Die kworum vir 'n vergadering is vyftig persent van al die lede van die raad plus een.
- (2) Indien daar om enige rede nie 'n kworum teenwoordig is nie, verdaag die vergadering na één uur tot 'n datum nie meer as 14 kalenderdae later nie, op welke vergadering die lede wat teenwoordig is 'n kworum uitmaak.
- (3) Die registrateur moet onverwyld aan elke lid kennis gee van die datum, tyd en plek van die vergadering soos bedoel in subparagraaf (2).

Besluite en prosedures by vergaderings

- 10.(1) Die raad neem besluite deur 'n meerderheid van stemme van teenwoordige lede, en elke lid het één stem, maar in die geval van 'n staking van stemme het die voorsitter 'n beslissende stem, behalwe vir die doeleindes van die verkiesing van 'n kanselier.
- (2) Andersins bepaal die raad die prosedures vir sy vergaderings in ooreenstemming met die reëls.

Uitvoerende komitee

- 11.(1) Daar is 'n uitvoerende komitee van die raad wat bestaan uit die voorsitter van die raad as die voorsitter van die uitvoerende komitee, die ondervoorsitter van die raad as die ondervoorsitter van die uitvoerende komitee, die visekanselier, die adjunkhoof, en twee ander lede wat deur die raad verkies is wat nie werknemers of studente is nie.
- (2) Die raad verkies drie raadslede as sekonduslede vir enige van die lede van die uitvoerende komitee, en in die afwesigheid van sodanige lede tree die aangewese sekonduslede as lede van die uitvoerende komitee van die raad op.
- (3) Die uitvoerende komitee kan tussen vergaderings dringende sake namens die raad afhandel, maar aldus afgehandelde sake moet by die eersvolgende gewone vergadering van die raad bekragtig of hersien word.

Verkiesing van lid van raad in senaat

- 12.(1) Die raad kies in ooreenstemming met die voorskrifte van artikel 28(2)(e) van die Wet 'n persoon wat nie in diens van die Universiteit is nie om vir 'n maksimum tydperk van twee jaar as lid van die senaat te dien.
- (2) Die bepalings van paragraaf 5 geld, met die nodige wysigings, vir die verkiesing van 'n lid van die raad op die senaat.

SENAAT

Samestelling en lidmaatskap

- 13.(1) Daar is 'n senaat wat bestaan uit –
 - (a) die visekanselier;
 - (b) die adjunkhoof;
 - (c) die adjunkvisekanseliers;
 - (d) die registrateur;
 - (e) die uitvoerende direkteurs;
 - (f) die uitvoerende dekane;
 - (g) die adjunkdekane
 - (h) twee-en-dertig akademiese personeellede wat deur die akademiese personeel in fakulteite ingevolge die reëls verkies word;

- (i) twee personeellede wat uit eie geledere deur die ondersteuningspersoneel verkies word;
 - (j) vier studente, van wie een die VSR-voorsitter moet wees, en een elk van die onderskeie KSR's;
 - (k) die voorsitter van die raad, of sy of haar afgevaardigde, en een ander raadslid wat ingevolge paragraaf 12 deur die raad verkies word;
 - (l) agt akademiese personeellede, gekoöpteer deur die senaat op advies van die senaat se vaste komitees, om verteenwoordigheid t.o.v. junior akademiese personeel, ras, geslag en gestremdheid te verbeter.
- (2) Ses personeellede wat onderskeidelik verantwoordelik is vir navorsing en onderrig-leer-ondersteuning, biblioteekdienste, kwaliteitverbetering, globalisering en IT-dienste, woon senaatvergaderings as waarnemers by.
- (3) Lidmaatskap van die senaat word beëindig indien 'n lid –
- (a) skriftelik by die voorsitter bedank;
 - (b) ophou om 'n werknemer van die Universiteit te wees;
 - (c) van drie opeenvolgende gewone vergaderings van die senaat afwesig is sonder dat verskoning vir afwesigheid vooraf aangebied en deur die voorsitter aanvaar is;
 - (d) deur 'n hof insolvent verklaar word;
 - (e) skuldig bevind word aan enige misdryf wat oneerlikheid behels of waarvoor die vonnis gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete is;
 - (f) onbekwaam word om die ampspligte te vervul, of sy/haar voortgesette lidmaatskap as onbehoorlik beskou word ná 'n behoorlike proses ooreenkomstig die voorgeskrewe gedragskode, met inagnome van die bepalings van die Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtheid, Wet 3 van 2000;
 - (g) 'n lid is ingevolge paragraaf (1)(h) tot (l) en ophou om 'n lid te wees van die liggaam wat die lid aangewys of verkies het;
 - (h) skuldig bevind word aan die oortreding van 'n gedragskode of die reëls in dissiplinêre stappe teen die lid ingevolge paragraaf 68, en die senaat 'n aanbeveling deur die tugkomitee bevestig om lidmaatskap te beëindig.
- (4) Die bepalings van paragraaf 5 geld, met die nodige wysigings, vir die verkiesing van die lede van die senaat soos bedoel in subparagraaf 1(h) tot (k).

Funksies, gesag en aanspreeklikheid

14.(1) Die algemene funksies van die senaat is –

- (a) om alle leer-, onderrig-, navorsings- en akademiese ondersteuningsfunksies te reguleer;
 - (b) om die raad te adviseer met betrekking tot beleide en reëls rakende alle akademiese aangeleenthede; en
 - (c) om die raad te adviseer oor die vorming en herkonfigurasie van fakulteite en ander relevante akademiese strukture ten einde administratiewe en akademiese koherensie, doeltreffendheid, effektiwiteit en volhoubare gehalte te verseker.
- (2) Behoudens goedkeuring van die raad kan die senaat reëls met betrekking tot programme, kwalifikasies, modules of assesserings en moderering aanvaar, wysig en herroep, maar slegs na inagnome van die advies van die senaat se betrokke vaste komitee(s).

- (3) Die senaat mag besluit om enige van sy funksies aan 'n lid of komitee van die senaat te delegeer, insluitende enige vaste komitee van die senaat, maar bly verantwoordelik vir die toepassing en die uitvoer van die gedelegeerde funksies.
- (4) Die senaat moet toestemming gee vir reëls betreffende aangeleenthede binne sy bevoegdheid wat deur die raad gemaak is.

Vergaderings

- 15.(1) Die senaat vergader ten minste twee keer per semester volgens die universiteitsjaarkalender, op 'n tyd en plek deur die senaat bepaal.
- (2) Minstens sewe dae voor 'n vergadering stel die registrateur elke lid skriftelik in kennis van die tyd wanneer en die plek waar die vergadering gehou sal word, en van die besonderhede van alle sake wat op die vergadering behandel sal word.
- (3) Minstens 14 kalenderdae voor 'n vergadering waarby die senaat die aanvaarding, wysiging of herroeping van reëls oorweeg ten opsigte waarvan die senaat bevoegdheid het, stel die registrateur elke lid skriftelik daarvan in kennis.
- (4) Die voorsitter kan te eniger tyd 'n buitengewone vergadering vir 'n bepaalde doel belê, en moet so 'n vergadering belê indien minstens een derde van al die lede dit met vermelding van die doel van die vergadering skriftelik versoek.
- (5) Subparagraaf (2) geld met die nodige wysigings ook wanneer 'n buitengewone vergadering belê word.
- (6) Die visekanselier is die voorsitter van die senaat en in die afwesigheid van die visekanselier tree die adjunkhoof as voorsitter op.
- (7) In die afwesigheid van sowel die visekanselier as die adjunkhoof moet die senaat uit eie geledere 'n voorsitter vir die vergadering verkies.

Kworum

- 16.(1) Die kworum vir 'n vergadering van die senaat is vyftig persent van al die lede van die senaat plus een.
- (2) Indien daar om enige rede nie 'n kworum teenwoordig is nie, verdaag die vergadering na één uur tot 'n datum nie meer as 14 kalenderdae later nie, op welke vergadering die lede wat teenwoordig is 'n kworum uitmaak.
- (3) Die registrateur moet onverwyld aan elke lid kennis gee van die datum, tyd en plek van die vergadering soos bedoel in subparagraaf (2).

Besluite en prosedures by vergaderings

- 17.(1) Die senaat neem besluite deur 'n meerderheid van stemme van teenwoordige lede, en elke lid het één stem, maar in die geval van 'n staking van stemme het die voorsitter 'n beslissende stem.
- (2) Andersins bepaal die senaat die prosedures vir sy vergaderings in ooreenstemming met die reëls.

Uitvoerende komitee van die senaat

- 18.(1) Daar is 'n uitvoerende komitee van die senaat wat bestaan uit –
 - (a) die visekanselier;
 - (b) die adjunkhoof;
 - (c) die raadsvoorsitter of die lid van die raad soos bedoel in paragraaf 12;
 - (d) die adjunkvisekanseliers;

- (e) die uitvoerende dekan;e;
 - (f) een van die drie lede van die senaat soos bedoel in paragraaf 4(1)(c) wat deur die senaat verkies word;
 - (g) die voorsitter van die VSR; en
 - (h) die registrateur.
- (2) Die visekanselier kan enige van die lede van die bestuurskomitee wat nie sitting op die uitvoerende komitee het nie nooi om 'n vergadering van die uitvoerende komitee by te woon.
 - (3) Die visekanselier is die voorsitter van die uitvoerende komitee. In die afwesigheid van die visekanselier tree die adjunkhoof as voorsitter op.
 - (4) In die afwesigheid van sowel die visekanselier as die adjunkhoof moet die uitvoerende komitee uit eie geledere 'n voorsitter vir die betrokke vergadering verkies.
 - (5) Tussen vergaderings van die senaat mag die uitvoerende komitee enige magte van die senaat uitoefen en enige funksie van die senaat vervul.
 - (6) Die uitvoerende komitee moet die senaat inlig oor enige aksies en besluite wat namens die senaat geneem is, maar sodanige aksies en besluite deur die uitvoerende komitee namens die senaat moet by die eersvolgende vergadering van die senaat bekragtig of hersien word.
 - (7)
 - (a) Die kworum vir 'n vergadering van die uitvoerende komitee is vyftig persent van al die lede van die uitvoerende komitee plus een.
 - (b) Indien daar om enige rede nie 'n kworum teenwoordig is nie, verdaag die vergadering na één uur tot 'n datum nie meer as 14 kalenderdae later nie, op welke vergadering die lede wat teenwoordig is 'n kworum uitmaak.
 - (8) Die registrateur moet onverwyld aan elke lid kennis gee van die datum, tyd en plek van die vergadering soos bedoel in subparagraaf (7).

Vaste komitees van die senaat

- 19.(1) Die senaat mag vaste komitees tot stand bring om take te verrig wat deur die senaat aan hulle opgedra is, en mag gesamentlike komitees tot stand bring saam met die raad of enige ander liggaam van die Universiteit.
- (2) Vaste komitees van die senaat moet ingevolge die reëls saamgestel word.
- (3) Paragraaf 16 en 17 geld met die nodige wysigings vir 'n vergadering van 'n vaste komitee van die senaat.

FAKULTEITSRADE

Samestelling, funksies en lidmaatskap

- 20.(1) Vir elke fakulteit bring die senaat 'n vaste komitee tot stand bekend as 'n fakulteitsraad.
- (2) Die fakulteitsraad –
 - (a) is aanspreeklik teenoor die senaat vir die monitering en die toesighouding oor onderrigprogramme, leerkomponente van programme, assessering en moderering, navorsing, gemeenskapsverbintenis en implementering van kundigheid van die fakulteit;
 - (b) maak voorstelle aan die senaat vir reëls wat die vereistes voorskryf vir elke graad, diploma en sertifikaat wat in die fakulteit aangebied word, met inbegrip van die vereistes vir toelating en hertoelating van studente;
 - (c) adviseer die uitvoerende dekaan van die fakulteit oor alle aangeleenthede met

- betrekking tot 'n fakulteit rakende onderrig, leer, navorsing, akademiese steun en studente, sowel as toepaslike kwaliteitsversekeringsmaatreëls;
- (d) verrig alle ander funksies wat die senaat aan hulle delegeer of aan hulle opdra; en
 - (e) kan besluit om fakulteitskomitees tot stand te bring en kan enige mense aanstel as lede van sodanige komitees, hetsy lede van die fakulteitsraad of nie.
- (3) Die senaat bepaal die samestelling van 'n fakulteitsraad ten einde dit in staat te stel om optimaal uitvoering te gee aan die funksies soos bedoel in subparagraaf (2).

Vergaderings en prosedures

- 21.(1) 'n Fakulteitsraad vergader ten minste twee keer per semester op die tye soos bepaal in die universiteitsjaarkalender.
- (2) Die uitvoerende dekaan kan 'n buitengewone vergadering van die fakulteitsraad belê, en moet so 'n vergadering belê indien minstens een derde van die lede van die fakulteitsraad dit skriftelik versoek.
 - (3) Die uitvoerende dekaan van die fakulteit is die voorsitter van die fakulteitsraad.
 - (4) In die afwesigheid van die uitvoerende dekaan tree 'n adjunkdekaan as voorsitter op. Indien daar geen adjunkdekaan is nie, of indien die adjunkdekaan ook afwesig is, kies die lede van 'n fakulteitsraad uit eie geledere 'n voorsitter vir die betrokke vergadering.
 - (5)
 - (a) Die kworum vir 'n vergadering van 'n fakulteitsraad is vyftig persent van al die lede plus een.
 - (b) Indien daar om enige rede nie 'n kworum teenwoordig is nie, verdaag die vergadering na één uur tot 'n datum nie meer as 14 kalenderdae later nie, op welke vergadering die lede wat teenwoordig is 'n kworum uitmaak.
 - (c) Die registrateur moet onverwyld aan elke lid kennis gee van die datum, tyd en plek van die vergadering soos bedoel in subparagraaf (2).
 - (6) 'n Fakulteitsraad neem besluite deur 'n meerderheid van stemme van teenwoordige lede, en elke lid het één stem. In die geval van 'n staking van stemme kan die voorsitter 'n beslissende stem uitbring.
 - (7) 'n Fakulteitsraad bepaal die prosedures vir sy vergaderings in ooreenstemming met die reëls.

INSTITUSIONELE FORUM

Samestelling en lidmaatskap

- 22.(1) Daar is 'n institusionele forum soos in artikel 31 van die Wet bedoel, bekend as die institusionele forum van die Noordwes-Universiteit, wat bestaan uit –
- (a) een raadslid aangewys deur die raad vir 'n termyn van drie jaar;
 - (b) die visekanselier of enige ander lid van die bestuurskomitee, deur die visekanselier aangewys;
 - (c) drie lede van die senaat uit eie geledere verkies vir 'n termyn van drie jaar;
 - (d) drie lede van die permanente akademiese personeel vir 'n termyn van drie jaar verkies in ooreenstemming met die reëls;
 - (e) vier lede uit die geledere van die personeel van die Universiteit wat lede is van die vakbonde met wie die Universiteit 'n erkenningsooreenkoms gesluit het, wat deur die vakbond(e) aangewys word vir 'n termyn van drie jaar;
 - (f) drie persone uit die geledere van die ondersteuningspersoneel wat vir 'n termyn van drie jaar verkies word;

- (g) ses studente wat vir 'n termyn van een jaar uit die geledere van die lede van die VSR aangewys word;
 - (h) twee persone wat vir 'n termyn van drie jaar deur die president van die konvokasie aangewys word;
 - (i) nie meer as twee persone wat van tyd tot tyd deur die institusionele forum gekoöpteer word vir gespesialiseerde take in samehang met die funksies soos bedoel in paragraaf 23(1)(a) tot (g).
- (2) Die bepalinge van paragraaf 5 geld, met die nodige wysigings, vir die verkiesing van die lede van die institusionele forum soos bedoel in subparagraaf 1(a),(c),(d) en (f).
 - (3) Die voorsitter, die ondervoorsitter en die sekretaris word jaarliks op die eerste vergadering van die jaar uit die geledere van die lede soos bedoel in subparagraaf (1)(c) tot (j) verkies, en hulle vorm die uitvoerende komitee van die institusionele forum.
 - (4) Die lede van die institusionele forum soos bedoel in subparagraaf (1)(c) tot (g) moet aangewys word met sensitiwiteit vir ras, geslag, gestremdheid en die aard van die Universiteit as 'n multikampusinstelling.
 - (5) 'n Persoon mag vir 'n maksimum van twee opeenvolgende termyne in die institusionele forum dien.
 - (6) Lidmaatskap van die institusionele forum word beëindig indien die betrokke lid –
 - (a) skriftelik by die voorsitter bedank;
 - (b) ophou om 'n werknemer of student van die Universiteit te wees;
 - (c) van drie opeenvolgende gewone vergaderings afwesig is sonder dat verskoning vir afwesigheid vooraf aangebied en formeel deur die voorsitter aanvaar is;
 - (d) deur 'n hof insolvent verklaar word;
 - (e) skuldig bevind word aan enige misdryf wat oneerlikheid behels of waarvoor die vonnis gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete is;
 - (f) onbekwaam word om die amppligte te vervul, of sy/haar voortgesette lidmaatskap as onbehoorlik beskou word ná 'n behoorlike proses ooreenkomstig die voorgeskrewe gedragskode, met inagnome van die bepalinge van die Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, Wet 3 van 2000;
 - (g) ophou om 'n lid te wees van die liggaam wat die lid aangewys of verkies het;
 - (h) skuldig bevind word aan die oortreding van 'n gedragskode in dissiplinêre stappe teen die lid, en die institusionele forum die aanbeveling deur die tugkomitee bevestig om lidmaatskap te beëindig.

Funksies

23.(1) Die forum adviseer die raad oor aangeleenthede wat die Universiteit raak, insluitende

- (a) die implementering van die Wet en die nasionale hoëronderrysbeleid;
- (b) die keuring van kandidate vir aanstelling as visekanselier en lede van die bestuurskomitee ingevolge die reëls;
- (c) beleid oor billikheid ten opsigte van ras, geslag en gestremdheid;
- (d) gedragskodes;
- (e) geskilbeslegtingsprosesse en -prosedures;
- (f) die bestuur van kulturele diversiteit regoor die Universiteit;

- (g) die uitbou van 'n universiteitskultuur wat verdraagsaamheid en respek vir menseregte bevorder en 'n omgewing skep wat bevorderlik is vir onderrig, leer en navorsing.
- (2) Die institusionele forum verrig sodanige ander werksaamhede as wat die raad van tyd tot tyd aan die forum opdra.

Vergaderings en prosedures

- 24.(1) Die institusionele forum vergader ten minste vier keer per jaar, op 'n tyd en plek soos bepaal deur die institusionele forum en volgens die universiteitsjaarkalender.
- (2) In die afwesigheid van die voorsitter tree die ondervoorsitter as voorsitter van die institusionele forum op. Indien die ondervoorsitter ook afwesig is, kies die lede van die institusionele forum uit eie geledere 'n voorsitter vir die betrokke vergadering.
- (3) (a) Die institusionele forum bepaal sy prosedurereëls deur 'n meerderheidstem van al die lede.
(b) Die raad moet die prosedurereëls van die institusionele forum goedkeur en moet die prosedurereëls in die reëls van die Universiteit insluit.

Komitees en substrukture

- 25.(1) Die institusionele forum kan tegniese en vaste komitees tot stand bring onder voorsitterskap van lede van die institusionele forum, waarin belanghebbendes wat nie lede van die institusionele forum is nie, gekoöpteer kan word.
- (2) Die institusionele forum se tegniese en vaste komitees funksioneer onder beheer en ter ondersteuning van die aktiwiteite van die institusionele forum.

VERTEENWOORDIGENDE STUDENTERAAD

Samestelling en lidmaatskap

- 26.(1) Die Noordwes-Universiteit se verteenwoordigende studenteraad (VSR) is ingevolge artikel 26(2)(e) van die Wet tot stand gebring as 'n struktuur van die Universiteit.
- (2) Die VSR bestaan uit vyftien lede wat aangewys is ingevolge die reëls.
- (3) Die reëls moet voorsiening maak vir die verkiesing van 'n Kampusstudenteraad (KSR) op elke kampus.
- (4) Die KSR's is aanspreeklik teenoor die VSR.
- (5) Die KSR's word in die VSR verteenwoordig proporsioneel tot die aantal studente wat kwalifiseer om elke KSR te verkies.
- (6) Die formule vir die bepaling van die proporsie soos bedoel in subparagraaf (5) moet in die reëls voorsien word.

Funksies

- 27.(1) Die VSR koördineer die georganiseerde studentelewe by die Universiteit.
- (2) Ingevolge die VSR se grondwet word lede van die VSR jaarliks aangewys om op die raad te dien ingevolge paragraaf 4(1)(f), en om op die senaat te dien ingevolge paragraaf 13(1)(j).
- (3) Die VSR verteenwoordig die belange van die studente van die Universiteit soos bepaal deur die reëls in oorlegpleging ingevolge die vereistes van artikel 27(3) en 32(2)(c) en (d) van die Wet en paragraaf 73(2)(a) van die statuut.

VSR-grondwet

28. (1) Binne die raamwerk van die reëls moet die VSR 'n grondwet aanvaar ingevolge waarvan die funksies en pligte van die ampsdraers van die VSR en die KSR's, en die prosedures, aanspreeklikheid en bedryf van die VSR en die KSR's neergelê word.
- (2) Die grondwet van die VSR moet deur die raad goedgekeur word ná oorlegpleging met die senaat.

Intervensie

- 29.(1) Die raad stel reëls op om die voortgesette verrigting van die funksies van die VSR en sy komponente te verseker ten einde intervensie te reguleer, ná oorlegpleging met die Universiteit se bestuurskomitee en die VSR, indien die VSR of enige van sy komponente in gebreke sou bly om enige van sy funksies soos vervat in die grondwet van die VSR, die reëls, hierdie statuut of die Wet te verrig.
- (2) Die reëls kan voorsiening maak vir toepaslike intervensie, insluitende maar nie beperk nie tot die skorsing van die VSR of enige van sy komponente of sy funksies of ampsdraers, onderhewig aan enige voorwaardes wat die raad kan stel.
- (3) Die reëls moet voorsiening maak vir die gereelde hersiening deur die raad van 'n intervensie vir die doeleindes van die normalisering van die VSR se funksies.

KONVOKASIE

Samestelling en grondwet van die konvokasie

- 30.(1) Daar is 'n Noordwes-Universiteit-konvokasie.
- (2) Die raad moet, met die instemming van die konvokasie, 'n grondwet vir die konvokasie goedkeur.
- (3) Die konvokasie kan eie strukture tot stand bring ingevolge die grondwet daarvan, en kan geskikte strukturele reëlings met ander liggame binne of buite die Universiteit aangaan om hul doelwitte te bereik.

Doelstelling en funksies

- 31.(1) Die konvokasie se vernaamste doelstelling is om wedersyds voordelige verhoudinge tussen die Universiteit en sy alumni te vestig en verder te ontwikkel ten einde die welsyn van die Universiteit en huidige en toekomstige konvokasielede te bevorder.
- (2) Ten einde hierdie doelstelling te bereik, kan die konvokasie –
- (a) lede van die raad aanwys ingevolge paragraaf 32(1);
 - (b) 'n alumnivereniging van die Universiteit tot stand bring;
 - (c) steun verleen aan ander universiteitstrukture wat fokus op die bevordering van professionele, opvoedkundige, maatskaplike en ander verhoudinge tussen die Universiteit en alumni en tussen groepe alumni onderling;
 - (d) vergader om enige aangeleentheid te bespreek wat van belang is vir die Universiteit en alumni, en enige besluit aan die Universiteit se bestuurstrukture of aan die breër publiek deurgee;
 - (e) 'n databasis van konvokasielede in stand hou ten einde kommunikasie en inligtingverspreiding tussen lede en die Universiteit te verbeter, en die kiesersrol vir die verkiesing van raadslede byhou.

Lidmaatskap en stemreg

- 32.(1)** Elke gegradueerde van die Universiteit of sy voorgangers kwalifiseer vir lidmaatskap van die konvokasie, om benoem te word om verkies te word as lid van die raad, en om te stem in 'n verkiesing van raadslede ingevolge paragraaf 5.
- (2) Elke gediplomeerde en elke permanente personeellid, tans of in die verlede, van die Universiteit of sy voorgangers kwalifiseer vir lidmaatskap van die konvokasie ingevolge subparagraaf (3).
- (3) Die konvokasie kan tipes lidmaatskap omskryf benewens dié wat in subparagraaf (1) en (2) bedoel word en, in die grondwet van die konvokasie, die regte en voorregte met betrekking tot sodanige ander tipes lidmaatskap bepaal.
- (4) 'n Lid is daarop geregtig om deel te neem aan die verrigtinge, aktiwiteite of verkiesings wat, ingevolge die grondwet van die konvokasie, oop is vir daardie lid se tipe lidmaatskap, soos in die konvokasierol weerspieël, indien –
- (a) die lid se persoonlike besonderhede, geldige posadres, en sodanige ander kommunikasiekanale wat van tyd tot tyd ingevolge die grondwet van die konvokasie bepaal word, aan die registrateur voorsien is; en
- (b) die lid die voorgeskrewe ledegeld soos bepaal deur die raad op aanbeveling van die konvokasie in 'n rekening van die konvokasie inbetaal het.

President en uitvoerende komitee

- 33.(1)** Die konvokasie kies uit eie geledere op 'n algemene vergadering 'n president, 'n vise-president en sodanige ander amptenare in die uitvoerende komitee daarvan as wat die grondwet van die konvokasie bepaal.
- (2) (a) Die ampstermyn van die president, die vise-president en die ander lede van die uitvoerende komitee is drie jaar vanaf die sluiting van die vergadering waarop die verkiesing plaasvind.
- (b) Indien daar nie in die derde jaar van die ampstermyn van die president 'n vergadering van die konvokasie gehou word nie, word die ampstermyn van die president verleng tot na afloop van die eersvolgende vergadering van die konvokasie.
- (3) In die geval van 'n vakature in die uitvoerende komitee vóór verstryking van die ampstermyn moet die ander lede van die uitvoerende komitee 'n persoon koöpteer om die vakature vir die oorblywende deel van die ampstermyn te vul.
- (4) Die president kan van tyd tot tyd aanbeveel dat die konvokasie komitees tot stand bring bestaande uit lede van die konvokasie wat vir die uitvoering van bepaalde werksaamhede dienstig kan wees.

Vergaderings

- 34.(1)** Soos bepaal deur die grondwet van die konvokasie moet 'n algemene vergadering minstens een maal elke drie jaar deur die president by die setel van die Universiteit belê word, of op 'n ander plek soos bepaal deur die president, met inagnome van die multikampus aard van die Universiteit.
- (2) (a) Die president is die voorsitter van alle vergaderings van die konvokasie.
- (b) In die afwesigheid van die president tree die vise-president as voorsitter van die konvokasie op. Indien die vise-president ook afwesig is, kies die lede van die konvokasie uit eie geledere 'n voorsitter vir die betrokke vergadering.
- (3) Die tipes vergaderings, reëls vir die belê daarvan, kworumvereistes, agendas en vergaderingprosedures vir die vergaderings van die konvokasie en die uitvoerende

komitee, en skakeling met ander liggame van die Universiteit en die algemene publiek moet deur die grondwet van die konvokasie bepaal word.

- (4) Gesamentlike vergaderings van die konvokasie en enige ander universiteitstruktuur verantwoordelik vir skakeling met individuele oudstudele of groepe oudstudele kan op enige tydstop in oorleg met die uitvoerende komitee van die Noordwes-Universiteit se alumnivereniging gehou word.
- (5) 'n Vergadering van die konvokasie kan enige aangeleentheid bespreek wat die Universiteit of alumni raak, met inbegrip van sake wat die raad na die konvokasie vir advies verwys, en die president van die konvokasie moet die standpunt van die konvokasie aan die raad oordra.
- (6) 'n Afskrif van die besluite van die konvokasie, en 'n kennisgewing van sodanige ander aangeleenthede wat deur die konvokasie bepaal word, behoortlik deur die voorsitter en die registrateur gewaarmerk, moet aan die voorsitter van die raad ter inligting van die raad en aan die visekanselier ter inligting van die senaat gestuur word, en moet deur die registrateur aangeteken word.

DONATEURS

Erkenning en funksionering

- 35.(1) Die raad erken as donateurs persone wat gedurende die voorafgaande twee jaar skenkings aan die Universiteit gemaak het wat die raad as beduidend beskou.
- (2) Die registrateur hou 'n amptelike lys in stand van die donateurs van die Universiteit waarop die naam en posadres verskyn van elke donateur wat deur die raad erken word.
 - (a) Donateurs kan 'n raad van donateurs tot stand bring van nie meer as tien lede wat deur die donateurs aangewys word in ooreenstemming met die bepalings van die reëls.
 - (b) Die raad kan drie werknemers aanwys om op die raad van donateurs te dien.
- (3) Die raad van donateurs kan advies aanbied aan die visekanselier of die raad oor enige aangeleenthede wat op die Universiteit of die donateurs betrekking het, hetsy op eie inisiatief of op uitnodiging.
- (4) Die raad van donateurs verkies 'n voorsitter uit eie geledere, en die registrateur tree op as sekretaris van die raad van donateurs.
- (5) 'n Korporatiewe donateur kan verteenwoordig word deur enige persoon wat skriftelik aangewys word deur sodanige donateur.
- (6) Op enige gegewe tydstop dien die lys van donateurs van die Universiteit as afdoende bewys van die name en adresse van persone wat daarop geregtig is om ingevolge die reëls deel te neem aan die aanwysing van lede van die raad soos bedoel in paragraaf 4(1)(h).

HOOFSTUK 3

AMPSDRAERS VAN DIE UNIVERSITEIT

KANSELIER

Pligte

- 36.(1) Daar is 'n kanselier wat die titulêre hoof van die Universiteit is.

- (2) Alle kwalifikasies wat ingevolge subparagraaf 78(1) deur die Universiteit toegeken word, word formeel deur die kanselier in die naam van die Universiteit toegeken.

Vereistes

37. 'n Kandidaat vir die amp van kanselier moet 'n geskikte en behoorlike persoon vir die amp wees.

Benoeming en verkiesing

- 38.(1) 'n Kandidaat vir die kanseliersamp mag benoem word deur enige persoon uit die kategorieë van persone wat in die institusionele forum verteenwoordig is, op die voorgeskrewe benoemingsvorm soos beskikbaar gestel deur die registrateur.
- (2) (a) 'n Benoemingsvorm moet deur die voorsteller en minstens vyf sekondante onderteken word, asook deur die benoemde. Die voorsteller moet die voltooide vorm by die registrateur inhandig. Geen persoon mag meer as een benoemingsvorm onderteken nie, hetsy in die hoedanigheid van die voorsteller of as 'n sekondant.
- (b) Die registrateur moet 'n lys opstel van al die benoemings wat ontvang is en onverwyld daardie lys aan die uitvoerende komitee van die raad voorlê.
- (3) Die uitvoerende komitee van die raad oorweeg die lys en lê dan nie meer as drie name van die lys aan die raad voor vir besluitneming.
- (4) Raadslede mag name by die lys van benoemings voeg wat aan die raad voorgelê word ingevolge subparagraaf (3).
- (5) Minstens tien dae voor die vergadering waarop die verkiesing van die kanselier sal plaasvind, lig die registrateur elke lid van die raad in omtrent alle benoemings wat ingevolge subparagraaf (2), (3) en (4) ontvang is.
- (6) Die kanselier word verkies in 'n geheime stemming deur 'n meerderheid van stemme van die lede van die raad wat teenwoordig is op 'n gewone vergadering of op 'n vergadering wat spesiaal vir daardie doel belê is.

Ampstermyn

39. Die ampstermyn van die kanselier is vyf jaar, en 'n ampsbekledende kanselier kwalifiseer vir herverkiesing vir een verdere opeenvolgende termyn.

Neerlegging van amp

- 40.(1) Die raad kan die kanselier deur 'n stemming met 'n meerderheid van twee derdes van al die lede van die raad uit die amp onthef.

Vul van vakature

- 41.(1) Minstens drie maande voordat die kanseliersamp deur tydsverloop vakant raak, stel die registrateur elke lid van die raad daarvan in kennis, en kies die raad so gou doenlik 'n nuwe kanselier ingevolge paragraaf 38.
- (2) Indien die amp van kanselier om enige ander rede vakant raak, stel die registrateur elke lid van die raad daarvan in kennis en kies die raad so gou doenlik 'n nuwe kanselier ingevolge paragraaf 40.

HOOF EN VISEKANSELIER

Pligte en aanspreeklikheid

- 42.(1)** Daar is 'n hoof, ook bekend as die visekanselier, wat die hoof uitvoerende en rekenpligtige beampte van die Universiteit is, en wat verantwoordelik is vir die bestuur en administrasie van die Universiteit.
- (2) Die visekanselier mag uit hoofde van daardie amp enige ampsplig van die kanselier uitoefen wanneer die amp van kanselier vakant is of die kanselier afwesig is of nie in staat is om die pligte van kanselier te verrig nie.
- (3) Die visekanselier kan skriftelik enige van die pligte, funksies, bevoegdhede of verantwoordelikhede van die amp na 'n lid van die bestuurskomitee of na enige ander geskikte personeellid toe delegeer.
- (4) Met betrekking tot die pligte, funksies, bevoegdhede en verantwoordelikhede verbonde aan die amp is die visekanselier teenoor die raad aanspreeklik.
- (5) Die visekanselier is 'n lid van al die komitees van die raad en die senaat, behalwe van die audit-, risiko- en voldoeningskomitee van die raad.

Vereistes

- 43** 'n Kandidaat vir die amp van visekanselier moet 'n geskikte en behoorlike persoon vir die amp wees wat oor die regte kwalifikasies en ervaring beskik.

Aanstelling

- 44.(1)** Die visekanselier word op 'n gewone vergadering of op 'n vergadering wat spesiaal vir daardie doel belê is, aangestel deur die raad nadat die prosedures gevolg is wat in die reëls voorgeskryf word met betrekking tot die oorlegpleging met die senaat en die institusionele forum en die evaluering soos in die reëls voorgeskryf.
- (2) Indien die raad nie eenparig oor die aanstelling is nie, word 'n geheime stemming gehou, waarvan die uitslag deur 'n meerderheid van die stemme van die lede teenwoordig bepaal word.

Ampstermyn

- 45.(1)** Die ampstermyn van die visekanselier word deur die raad bepaal na oorleg met die ampsbeksleër en word kontraktueel vasgestel, maar dit moet nie minder as drie jaar en nie meer as sewe jaar wees nie.
- (2) 'n Visekanselier mag vir één verdere opeenvolgende termyn heraan gestel word.

Neerlegging van amp

- 46.(1)** Die visekanselier se ampstermyn verstryk deur tydsverloop ingevolge die indiensnemingskontrak, of indien die visekanselier uit die amp bedank of uit die amp onthef word.
- (2) Die raad kan die visekanselier deur 'n stemming met 'n meerderheid van twee derdes van al die lede van die raad uit die amp onthef.
- (3) Die raad kan die visekanselier uit die amp onthef op grond van –
- (a) ernstige wangedrag; of
 - (b) ongeskiktheid.

Vul van vakature

- 47.(1)** Minstens drie maande voordat die visekanseliërsamp deur tydsverloop vakant raak, stel die registrateur elke lid van die raad, die senaat en die institusionele forum dienooreenkomstig in kennis.

- (2) Indien die amp van visekanselier om enige ander rede vakant raak, stel die registrateur elke lid van die raad, die senaat en die institusionele forum daarvan in kennis en stel die raad so gou doenlik 'n nuwe visekanselier aan ingevolge paragraaf 44.

Waarnemende visekanselier

- 48.(1) In die afwesigheid van die visekanselier of terwyl die visekanseliërsamp vakant is, tree die adjunkhoof as waarnemende visekanselier op.
- (2) Indien die adjunkhoof nie as waarnemende visekanselier kan optree nie, tree 'n ander persoon wat ingevolge paragraaf 51 aangewys is, as waarnemende visekanselier op.
- (3) 'n Waarnemende visekanselier het dieselfde pligte, funksies, bevoegdhede en verantwoordelikhede as die visekanselier en is teenoor die raad aanspreeklik.

ADJUNKHOOF

Pligte en aanspreeklikheid

- 49.(1) Daar is 'n adjunkhoof wat die spesifieke bestuurs-, administratiewe en toesighoudende pligte en verantwoordelikhede verrig wat die visekanselier aan hom/haar opdra of delegeer.
- (2) Die adjunkhoof is aanspreeklik teenoor die visekanselier.

Aanstelling, ampstermyn, neerlegging van amp en vul van vakature

- 50.(1) Die adjunkhoof word aangestel deur die raad nadat die prosedure gevolg is wat in die reëls voorgeskryf word met betrekking tot oorlegpleging met die visekanselier, die senaat en die institusionele forum en die evaluering soos in die reëls voorgeskryf.
- (2) Paragraaf 45, 46 en 47 met betrekking tot die ampstermyn, ampsneerlegging en die vul van 'n vakature geld, met die nodige wysigings, vir die amp van adjunkhoof.

ADJUNKVISEKANSELIERS

Pligte en aanspreeklikheid

- 51.(1) Daar is een of meer adjunkvisekanselier soos van tyd tot tyd deur die raad bepaal aan wie die visekanselier sekere bestuurs-, administratiewe en toesighoudende funksies kan opdra, met inbegrip van die operasionele toesig oor 'n kampus, waar toepaslik.
- (2) 'n Adjunkvisekanselier is aanspreeklik teenoor die visekanselier.

Aanstelling, ampstermyn, neerlegging van amp, waarnemende adjunkvisekanseliers en vul van vakatures

- 52.(1) Elke adjunkvisekanselier word aangestel deur die raad nadat die prosedure gevolg is wat in die reëls voorgeskryf word met betrekking tot oorlegpleging met die visekanselier, die senaat en die institusionele forum en die evaluering soos in die reëls voorgeskryf.
- (2) Die ampstermyn van 'n adjunkvisekanselier word deur die raad bepaal na oorleg met die ampsbeksleër en word kontraktueel vasgestel, maar dit moet nie minder as drie jaar en nie meer as sewe jaar wees nie.
- (3) 'n Adjunkvisekanselier se ampstermyn verstryk deur tydsverloop ingevolge die indiensnemingskontrak, of indien die adjunkvisekanselier uit die amp bedank of uit die amp onthef word.
- (4) 'n Adjunkvisekanselier kan her aangestel word ingevolge die reëls.
- (5) Die raad kan 'n adjunkvisekanselier deur 'n stemming met 'n meerderheid van twee derdes van al die lede van die raad uit die amp onthef.

- (6) Die raad kan 'n adjunkvisiekanselier uit die amp onthef op grond van –
 - (a) bedryfsvereistes;
 - (b) ernstige wangedrag; of
 - (c) ongeskiktheid.
- (7) In die afwesigheid van 'n adjunkvisiekanselier of terwyl 'n adjunkvisiekanseliërsamp vakant is, tree 'n persoon soos aangewys deur die visiekanselier en goedgekeur deur die raad as waarnemende adjunkvisiekanselier op.
- (8) 'n Waarnemende adjunkvisiekanselier het dieselfde pligte, funksies, bevoegdhede en verantwoordelikhede as die adjunkvisiekanselier en is teenoor die visiekanselier en die raad aanspreeklik.
- (9) Minstens drie maande voordat 'n adjunkvisiekanseliërsamp deur tydsverloop vakant raak, stel die registrateur elke lid van die raad, die senaat en die institusionele forum dienooreenkomstig in kennis, en stel die raad 'n nuwe adjunkvisiekanselier aan ingevolge subparagraaf (1).
- (10) Indien 'n adjunkvisiekanseliërsamp om enige ander rede vakant raak, stel die registrateur elke lid van die raad, die senaat en die institusionele forum daarvan in kennis en stel die raad so gou doenlik 'n nuwe adjunkvisiekanselier aan ingevolge subparagraaf (1).

REGISTRATEUR

Pligte en aanspreeklikheid

- 53.(1) Daar is 'n registrateur wat al die pligte en funksies verrig wat aan die amp toegewys word deur die statuut en die reëls, aan wie die raad besondere pligte en verantwoordelikhede kan oplê, en aan wie die visiekanselier besondere bestuurs-, administratiewe en toesighoudende funksies kan toevertrou.
- (2) Die registrateur is die sekretaris van die raad, die senaat, die konvokasie en die raad van donateurs, en kan as sodanig aan die samesprekings van die raad, die senaat, die konvokasie en die raad van donateurs deelneem, maar mag slegs in die senaat stem.
- (3) Die registrateur is aanspreeklik teenoor die visiekanselier, en wat betref die pligte en funksies wat verrig word ten opsigte van 'n bepaalde liggaam, teenoor die betrokke liggaam.

Aanstelling, ampstermyn, neerlegging van amp, waarnemende registrateur en vul van vakature

- 54.(1) Die registrateur word by wyse van 'n besluit van die meerderheid van die raad aangestel nadat die prosedure soos voorgeskryf in die reëls betreffende oorleg met die visiekanselier, die senaat en die institusionele forum gevolg is en die evaluering gedoen is soos wat in die reëls voorgeskryf word.
- (2) Die ampstermyn van die registrateur word deur die raad bepaal na oorleg met die ampsbekteler en word kontraktueel vasgestel, maar dit moet nie minder as drie jaar en nie meer as sewe jaar wees nie.
- (3) Die registrateur se ampstermyn verstryk deur tydsverloop ingevolge die indiensnemingskontrak, of indien die registrateur uit die amp bedank of uit die amp onthef word.
- (4) Die registrateur kan heraangestel word ingevolge die reëls.
- (5) Die raad kan die registrateur deur 'n stemming met 'n meerderheid van twee derdes van al die lede van die raad uit die amp onthef.

- (6) Die raad kan die visekanselier uit die amp onthef op grond van –
 - (a) ernstige wangedrag; of
 - (b) ongeskiktheid.
- (7) In die afwesigheid van die registrateur of terwyl die registrateur se amp vakant is, tree 'n persoon soos aangewys deur die visekanselier en goedgekeur deur die raad as waarnemende registrateur op.
- (8) 'n Waarnemende registrateur het dieselfde pligte, funksies, bevoegdhede en verantwoordelikhede as die registrateur en is teenoor die visekanselier en die raad aanspreeklik.
- (9) Minstens drie maande voordat die amp van registrateur deur tydsverloop vakant raak, stel die registrateur elke lid van die raad, die senaat en die institusionele forum daarvan in kennis, en stel die raad 'n nuwe registrateur aan ingevolge subparagraaf (1).
- (10) Indien die amp van registrateur om enige ander rede vakant raak, stel die registrateur elke lid van die raad, die senaat en die institusionele forum daarvan in kennis en stel die raad so gou doenlik 'n nuwe registrateur aan ingevolge subparagraaf (1).

UITVOERENDE DIREKTEURS

Pligte en aanspreeklikheid

- 55.(1) Daar is een of meer uitvoerende direkteur soos van tyd tot tyd deur die raad bepaal aan wie die visekanselier sekere bestuurs-, administratiewe en toesighoudende funksies kan oordra.
- (2) 'n Uitvoerende direkteur is aanspreeklik teenoor die visekanselier.

Aanstelling, ampstermyn, neerlegging van amp, waarnemende uitvoerende direkteurs en vul van vakatures

- 56.(1) Die uitvoerende direkteur word by wyse van 'n besluit van die meerderheid van die raad aangestel nadat die prosedure soos voorgeskryf in die reëls betreffende oorleg met die visekanselier, die senaat en die institusionele forum gevolg is en die evaluering gedoen is soos wat in die reëls voorgeskryf word.
- (2) Die ampstermyn van 'n uitvoerende direkteur word deur die raad bepaal na oorleg met die ampsbekleër en word kontraktueel vasgestel, maar dit moet nie minder as drie jaar en nie meer as sewe jaar wees nie.
- (3) 'n Uitvoerende direkteur se ampstermyn verstryk deur tydsverloop ingevolge die indiensnemingskontrak, of indien die uitvoerende direkteur uit die amp bedank of uit die amp onthef word.
- (4) 'n Uitvoerende direkteur kan heraangestel word ingevolge die reëls.
- (5) Die raad kan 'n uitvoerende direkteur deur 'n stemming met 'n meerderheid van twee derdes van al die lede van die raad uit die amp onthef.
- (6) Die raad kan 'n uitvoerende direkteur uit die amp onthef op grond van –
 - (a) bedryfsvereistes;
 - (b) ernstige wangedrag; of
 - (c) ongeskiktheid.
- (7) In die afwesigheid van 'n uitvoerende direkteur of terwyl die uitvoerende direkteur se amp vakant is, tree 'n persoon soos aangewys deur die visekanselier en goedgekeur deur die raad as waarnemende uitvoerende direkteur op.

- (8) 'n Waarnemende uitvoerende direkteur het dieselfde pligte, funksies, bevoegdhede en verantwoordelikhede as die betrokke uitvoerende direkteur en is teenoor die visekanselier en die raad aanspreeklik.
- (9) Minstens drie maande voordat die amp van die betrokke uitvoerende direkteur deur tydsverloop vakant raak, stel die registrateur elke lid van die raad, die senaat en die institusionele forum daarvan in kennis, en stel die raad 'n nuwe uitvoerende direkteur aan ingevolge subparagraaf (1).
- (10) Indien die amp van 'n uitvoerende direkteur om enige ander rede vakant raak, stel die registrateur elke lid van die raad, die senaat en die institusionele forum daarvan in kennis en stel die raad so gou doenlik 'n nuwe uitvoerende direkteur aan ingevolge subparagraaf (1).

UITVOERENDE DEKANE

Pligte en aanspreeklikheid

- 57.(1) 'n Uitvoerende dekaan is die uitvoerende hoof van 'n fakulteit en is verantwoordelik vir die bestuur en administrasie van die fakulteit.
- (2) Die visekanselier wys 'n adjunkvisekanselier aan teenoor wie die uitvoerende dekaan aanspreek is.

Aanstelling, ampstermyn, neerlegging van amp, waarnemende uitvoerende dekane en vul van vakatures

- 58.(1) Die uitvoerende dekaan word aangestel deur die visekanselier nadat die prosedure gevolg is wat in die reëls voorgeskryf word met betrekking tot oorlegpleging met die verantwoordelike adjunkvisekanselier, die senaat, die betrokke fakulteitsraad, die institusionele forum, en die evaluering soos in die reëls voorgeskryf.
- (2) Die ampstermyn van 'n uitvoerende dekaan word deur die visekanselier bepaal na oorleg met die ampsbekteler en word kontraktueel vasgestel, maar dit moet nie minder as drie jaar en nie meer as sewe jaar wees nie.
- (3) 'n Uitvoerende dekaan se ampstermyn verstryk deur tydsverloop ingevolge die indiensnemingskontrak, of indien die uitvoerende dekaan uit die amp bedank of uit die amp onthef word.
- (4) 'n Uitvoerende dekaan kan heraangestel word ingevolge die reëls.
- (5) In die afwesigheid van 'n uitvoerende dekaan of terwyl die uitvoerende dekaan se amp vakant is, tree 'n adjunkdekaan, indien van toepassing, of 'n persoon soos aangewys deur die visekanselier as waarnemende uitvoerende dekaan op.
- (6) 'n Waarnemende uitvoerende dekaan het dieselfde pligte, funksies, bevoegdhede en verantwoordelikhede as die betrokke uitvoerende dekaan en is teenoor die verantwoordelike adjunkvisekanselier aanspreeklik.
- (7) 'n Uitvoerende dekaan kan uit die amp onthef word op grond van –
 - (a) bedryfsvereistes;
 - (b) ernstige wangedrag; of
 - (c) ongeskiktheid.

ADJUNKDEKANE

Pligte en aanspreeklikheid

59. Daar is een of meer adjunkdekaan vir elke fakulteit soos van tyd tot tyd deur die raad bepaal aan wie die uitvoerende dekaan sekere bestuurs-, administratiewe en toesighoudende funksies kan opdra.

Aanstelling, ampstermyn, neerlegging van amp, waarnemende uitvoerende dekaane en vul van vakatures

- 60.(1) 'n Adjunkdekaan word aangestel deur die adjunkvisiekanselier nadat die prosedure gevolg is wat in die reëls voorgeskryf word met betrekking tot oorlegpleging met die verantwoordelike uitvoerende dekaan, die senaat, die betrokke fakulteitsraad, die institusionele forum, en die evaluering soos in die reëls voorgeskryf.
- (2) Die ampstermyn van 'n adjunkdekaan word deur die adjunkvisiekanselier bepaal na oorleg met die ampsbekleër en word kontraktueel vasgestel, maar dit moet nie minder as drie jaar en nie meer as sewe jaar wees nie.
- (3) 'n Adjunkdekaan se ampstermyn verstryk deur tydsverloop ingevolge die indiensnemingskontrak, of indien die adjunkdekaan uit die amp bedank of uit die amp onthef word.
- (4) 'n Adjunkdekaan kan heraangestel word ingevolge die reëls.
- (5) Indien die amp van 'n adjunkdekaan vakant is of as die uitvoerende dekaan afwesig is of nie in staat is om die adjunkdekaan se pligte te verrig nie, tree 'n persoon soos aangewys deur die adjunkvisiekanselier as waarnemende adjunkdekaan op.
- (6) 'n Waarnemende adjunkdekaan het dieselfde pligte, funksies, bevoegdhede en verantwoordelikhede as die betrokke adjunkdekaan en is teenoor die verantwoordelike uitvoerende dekaan aanspreeklik.
- (7) 'n Adjunkdekaan kan uit die amp onthef word op grond van –
- (a) bedryfsvereistes;
 - (b) ernstige wangedrag; of
 - (c) ongeskiktheid.

AKADEMIESE DIREKTEURS

Pligte en aanspreeklikheid

61. 'n Akademiese direkteur is verantwoordelik vir die bestuur en administrasie van 'n akademiese eenheid, en kan, waar toepaslik, funksies delegeer of opdra aan adjunk akademiese direkteurs op die verskillende kampusse.

Aanstelling

- 62.(1) Die verantwoordelike uitvoerende dekaan kan 'n akademiese direkteur in elke akademiese eenheid aanstel ná voldoening aan die oorlegplegings- en evalueringprosedure soos voorgeskryf deur die reëls.
- (2) Die ampstermyn van 'n uitvoerende direkteur word deur die betrokke uitvoerende dekaan bepaal na oorleg met die ampsbekleër en word kontraktueel vasgestel, maar dit moet nie minder as drie jaar en nie meer as sewe jaar wees nie.
- (3) 'n Uitvoerende direkteur kan heraangestel word ingevolge die reëls.
- (4) Die verantwoordelike uitvoerende dekaan kan 'n ander geskikte persoon aanwys om die funksies van die amp te verrig in die afwesigheid van die akademiese direkteur.
- (5) 'n Akademiese direkteur kan uit die amp onthef word op grond van –
- (a) bedryfsvereistes;
 - (b) ernstige wangedrag; of

(c) ongeschiktheid.

UNIVERSITEITSBESTUURSKOMITEE

Samestelling en lidmaatskap

- 63.(1) Daar is 'n universiteitsbestuurskomitee wat bestaan uit die visekanselier, wat die voorsitter is, die adjunkhoof, die adjunkvisekanseliers, die registrateur en die uitvoerende direkteurs.
- (2) Die visekanselier kan enige ander persoon uitnooi om 'n vergadering van die bestuurskomitee by te woon.

Funksies

- 64.(1) Die universiteitsbestuurskomitee staan die visekanselier by in die implementering van strategie, en die beplanning en uitvoering van die bestuur, administrasie van en toesighouding oor die Universiteit, in ooreenstemming met die reëls en beleide.
- (2) Die universiteitsbestuurskomitee kan regoor die Universiteit en op kampusvlak komitees en ander substrukture tot stand bring om die bestuurskomitee behulpsaam te wees met die verrigting van sy funksies.

HOOFSTUK 4 WERKNEMERS

Aanstelling

- 65.(1) Die raad stel akademiese en ondersteuningspersoneel aan in ooreenstemming met die toepaslike wetgewing en die indiensnemingsbeleid van die Universiteit, onderhewig aan die beskikbaarheid van finansiële hulpbronne.
- (2) 'n Akademiese personeellid word aangestel na oorlegpleging met die senaat.
- (3) By aanstelling en daarna jaarliks in ooreenstemming met die Wet en die reëls verklaar elke personeellid moontlike botsings van belange voortspruitend uit finansiële belange en fidusiële rolle.
- (4) 'n Akademiese personeellid wat 'n aanstelling in 'n bestuursposisie aangebied word, is geregtig op 'n kontraktuele bepaling, onderhewig aan die voorwaardes waarop ooreengekom word, met betrekking tot die terugkeer of nie na 'n akademiese posisie wanneer die kontrak beëindig word.
- (5) Personeel kan ontslaan word op grond van –
- (a) bedryfsvereistes;
 - (b) ernstige wangedrag; of
 - (c) ongeschiktheid.

Vergoeding

66. Die raad bepaal die salarisse en enige ander vorm van vergoeding van personeel, en ander bepalings en voorwaardes van indiensneming, in ooreenstemming met die vergoedings- en indiensnemingsbeleide en -prosedures van die Universiteit.

Evaluering

67. Die personeel is onderworpe aan deurlopende prestasiebeoordeling in ooreenstemming met die beleide en prosedures van die Universiteit.

Tug

- 68.(1) Die personeel is onderworpe aan die tug van die raad ten opsigte van alle vorme van wangedrag of pligsversuim, soos vervat in die toepaslike dissiplinêre kodes, reëls en prosedures.
- (2) Die tug van die raad word uitgeoefen in ooreenstemming met die toepaslike wetgewing en volgens die reëls, beleide en prosedures wat die raad van tyd tot tyd bepaal.
- (3) Die raad kan sy dissiplinêre funksies delegeer aan die visekanselier of 'n persoon of liggaam soos aanbeveel deur die visekanselier.

Vakbonde

- 69.(1) Die raad kan erkenningsooreenkomste met vakbonde sluit, waarmee erkenning aan sodanige vakbonde verleen word met die oog op samesprekings en onderhandelinge oor diensvoorwaardes en verwante aangeleenthede ooreenkomstig die toepaslike arbeidswetgewing.
- (2) Die raad kan die ooreenkomste oor diensvoorwaardes implementeer ten opsigte van al die werknemers op wie die betrokke ooreenkoms van toepassing is.

HOOFSTUK 5 STUDENTE

Toelating en registrasie

- 70.(1) 'n Persoon word slegs as student van die Universiteit geregistreer indien sodanige persoon toegelaat is tot die Universiteit en geregistreer is vir 'n program wat lei tot die verwerwing van 'n kwalifikasie.
- (2) Die raad kan, met die goedkeuring van die senaat, die maksimum aantal studente bepaal wat vir 'n akademiese program geregistreer mag word.
- (3) Die raad kan, met die goedkeuring van die senaat, keuringstoetse of 'n bepaalde standaard van akademiese bekwaamheid as verdere toelatingsvereistes vir studie aan die Universiteit voorskryf.
- (4) 'n Student wat tot die Universiteit toegelaat is en geregistreer is, bly 'n student van die Universiteit vir die volle duur van die akademiese program, of totdat die student se registrasie ooreenkomstig die reëls deur die student self of deur die Universiteit beëindig word.
- (5) Om te kan voortgaan met studies aan die Universiteit moet 'n terugkerende student wat tot die Universiteit toegelaat is en geregistreer is jaarliks in ooreenstemming met die reëls aanmeld.
- (6) 'n Student wie se studies vir 'n jaar of langer onderbreek is, moet opnuut aansoek doen om toelating om weer te kan registreer.
- (7) Die raad kan vereistes stel vir die hertoelating van 'n student en kan weier om hertoelating toe te laat tensy daar aan sodanige vereistes voldoen word.
- (8) Enige persoon wat die voorneme demonstreer om met die Universiteit geassosieer te word as 'n student, is onderhewig aan die reëls.

Tug

- 71.**(1) 'n Student is onderworpe aan die dissiplinêre reëls en prosedures soos toegepas deur die toepaslike tugliggame soos bedoel in paragraaf 73 ooreenkomstig die statuut en die reëls.
- (2) Die visekanselier rapporteer minstens een maal per jaar aan die senaat en die raad oor tugstappe teen studente wat sedert die vorige sodanige verslag gedoen is.

Wangedrag

- 72.** 'n Student is skuldig aan wangedrag indien –
- (a) die gedrag van die student tot nadeel van die goeie naam, orde, dissipline of werkverrigting van die Universiteit strek of kan strek;
 - (b) die student enige bepalings van die statuut, die reëls, die grondwet of toepaslike reëls van 'n liggaam binne die Universiteit, of die Wet, oortree;
 - (c) die akademiese gedrag van die student oneerlik is;
 - (d) die student 'n ander persoon of groep persone teister of gewelddadig of vyandig behandel; of
 - (e) die student eiendom of bates van die Universiteit beskadig.

Tugliggame

- 73.**(1) Die visekanselier is die hoofugbeampte van die Universiteit ten opsigte van studente.
- (2) (a) Na oorleg met die senaat, die VSR en die institusionele forum, en ooreenkomstig die statuut en die reëls, bring die visekanselier toepaslike tugliggame van die Universiteit tot stand, en bepaal dan hul gesag, samestelling en prosedures.
- (b) Die gesag, samestelling en prosedures van elke tugliggaam moet gepubliseer word en beskikbaar gestel word op versoek.
- (3) Elke tugliggaam moet alle dissiplinêre optrede deur die betrokke liggaam aan die visekanselier rapporteer.

Tugprosedures

- 74.**(1) 'n Klage oor beweerde wangedrag deur 'n student word by die visekanselier of sy of haar gedelegeerde aanhangig gemaak vir verdere hantering ingevolge die prosedures soos bedoel in paragraaf 73(2).
- (2) 'n Student wat van 'n oortreding aangekla word, is geregtig op 'n billike verhoor deur die toepaslike tugliggaam, wat voldoen aan die vereistes van die Grondwet en die reg.

Strawwe

- 75.** 'n Tugliggaam kan enige van die strawwe oplê waarvoor voorsiening gemaak word in die reëls.

Appèlle

- 76.** 'n Student wat deur 'n tugliggaam aan wangedrag skuldig bevind is, kan teen die skuldigbevinding of die straf, of die skuldigbevinding én die straf, appèl aanteken, ingevolge die reëls.

HOOFSTUK 6

KWALIFIKASIES EN TOEKENNINGS

Vereistes

- 77.(1) Die NWU ken die grade, diplomas en sertifikate toe soos van tyd tot tyd op aanbeveling van die senaat deur die raad bepaal word, wat vir die Universiteit ingevolge die bepalings van die Wet en ander toepaslike wetgewing goedgekeur, geakkrediteer en geregistreer is, en wat in die reëls van die Universiteit vervat is.
- (2) Die raad, met die instemming van die senaat, kan 'n graad herroep of 'n diploma of sertifikaat terugtrek wat verkry is deur plagiaat, diefstal, bedrog, omkoperij of enige ander oneerlike of onwettige handeling.

Toekenning van kwalifikasies

- 78.(1) 'n Vergadering van die lede van die Universiteit, wat die kongregasie genoem word, word minstens een keer per jaar gehou met die doel om grade, diplomas en sertifikate toe te ken.
- (2) Die senaat bepaal die tyd, plek en wyse vir die byeenroep van 'n kongregasie, met die goedkeuring van die raad.
- (3) Die kanselier of die visekanselier of, indien albei afwesig is, die adjunkthoof of 'n lid van die senaat, tree op as voorsitter van die kongregasie.
- (4) 'n Graad of diploma mag aan geen persoon toegeken word nie tensy die senaat oortuig is dat daar aan al die vereistes vir die graad, diploma of sertifikaat voldoen is.
- (5) 'n Persoon is nie op die voorregte van 'n graad, diploma of sertifikaat geregtig voordat die graad, diploma of sertifikaat by 'n kongregasie toegeken is nie.
- (6) 'n Graad of diploma of sertifikaat kan in die afwesigheid van die graduandus of diplomandus, of postuum, toegeken word.
- (7) 'n Amptelike, oorspronklike sertifikaat word slegs een maal uitgereik, en wel tydens 'n amptelike kongregasie van die Universiteit.
- (8) Nieteenstaande subparagraaf (7) kan die sertifikaat op skriftelike versoek en ná betaling van 'n bedrag soos bepaal deur die senaat aan die student gepos word indien die graad of diploma in die afwesigheid van die student toegeken is ingevolge subparagraaf (6).
- (9) Indien 'n student aan die vereistes vir 'n graad of diploma voldoen en die graad- of diplomasertifikaat nog nie uitgereik is nie, of indien 'n graad- of diplomasertifikaat verlore geraak het, kan die registrateur, op skriftelike versoek van die student en ná betaling van 'n bedrag soos bepaal deur die senaat, 'n dokument uitreik waarin verklaar word dat die student aan al die vereistes vir die graad of diploma voldoen het en dat die sertifikaat op 'n sekere datum uitgereik sal word, of dat dit reeds op 'n vorige datum uitgereik is.
- (10) Die registrateur kan 'n volledige amptelike akademiese rekord, waarby 'n gedragssertifikaat ingesluit is, of bewys van vakke geslaag, aan 'n student uitreik op skriftelike versoek en ná betaling van 'n bedrag soos bepaal deur die senaat.
- (11) Die prosedure vir die voorstel van die persone wat grade of diplomas behaal tydens 'n kongregasie, die toekenning van 'n graad en 'n diploma in die afwesigheid van 'n student, akademiese drag en alle ander aangeleenthede met betrekking tot die kongregasie, en waarvoor daar nie in die statuut of reëls voorsiening gemaak word nie, word deur die senaat bepaal.
- (12) Die registrateur kan 'n sertifikaat ten aansien van 'n kort leerprogram wat deur die Universiteit aangebied word, uitreik aan 'n kandidaat wat aan die vereistes voldoen het

in die formaat, tydens die geleentheid, en op die wyse wat vir daardie doel bepaal is deur die reëls, en in ooreenstemming met die universiteitsjaarkalender.

Eregrade en -toekennings

- 79.**(1) Die raad kan 'n eregraad of 'n kanseliersmedalje of enige ander eerbewys toeken in ooreenstemming met die reëls.
- (2) Eretoekennings wat deur enige universiteitstrukture aanbeveel word, is onderhewig aan finale goedkeuring deur die raad in ooreenstemming met die reëls.

HOOFSTUK 7 ALGEMEEN

Reëls

- 80.**(1) Reëls wat deur die raad gemaak word ingevolge paragraaf 7(1)(c) en in ooreenstemming met artikel 32 van die Wet het regskrag ná die publikasie daarvan ooreenkomstig subparagraaf (2).
- (2) Die registrateur moet onverwyld en op die doeltreffendste wyse moontlik reëls publiseer wat deur die raad gemaak is.
- (3) Die wyse waarop en vorm waarin die reëls verkry kan word, moet bekendgemaak word in die universiteitsjaarboek.

Delegasies

- 81.** Enige entiteit, struktuur of persoon aan wie 'n bevoegdheid of funksie gedelegeer word ooreenkomstig hierdie statuut kan sodanige bevoegdheid of funksie slegs subdelegeer ten opsigte van 'n bevoegdheid vervat in die delegasie self of andersins met die vooraf goedkeuring van die entiteit, struktuur of persoon aan wie die bevoegdheid of funksie oorspronklik verleen is.

Oorgangsbepalings

- 82.**(1) Enigiets wat gedoen, geïnisieer, van stapel gestuur is of besig is om gefinaliseer te word ooreenkomstig die statuut van die Noordwes-Universiteit soos bedoel in goewermentskennisgewing nr. 795 van 8 Augustus 2005 en gepubliseer in staatskoerant nr. 27872 van 8 Augustus 2005, voordat hierdie statuut in werking getree het, word geag ooreenkomstig die ooreenstemmende bepaling van hierdie statuut gedoen, geïnisieer, van stapel gestuur, of gefinaliseer te gewees het.
- (2) Die raad, die senaat, die institusionele forum, die fakulteitsrade, die VSR en KSR's, die konvokasie en ander liggame en funksionariesse waarvoor in hierdie statuut voorsiening gemaak is en wat bestaan het voor die inwerkingtreding van hierdie statuut, bestaan voort en oefen die bevoegdhede uit en vervul die funksies wat hulle vóór sodanige inwerkingtreding uitgeoefen en vervul het, maar moet binne 12 maande na die inwerkingtreding van hierdie statuut aan die bepaling van hierdie statuut voldoen.
- (3) Die reëls wat deur die raad gemaak is en wat by die inwerkingtreding van hierdie statuut bestaan, bly van krag totdat dit vervang of herroep word.

Wysiging van statuut

- 83.(1)** Die raad kan hierdie statuut wysig deur 'n stemming met 'n meerderheid van twee derdes van al sy lede.
- (2) 'n Voorstel vir die wysiging van die statuut is slegs toelaatbaar indien die registrateur ten minste 14 kalenderdae voor die vergadering waarop die voorstel ter tafel gelê sal word skriftelike kennisgewing hiervan aan al die raadslede gegee het, tensy 'n tweederdemeerderheid van die lede teenwoordig op 'n raadsvergadering ten gunste daarvan stem dat daar met sodanige voorafkennisgewing weggedoen word.

Herroeping van statuut

- 84.** Die statuut van die Noordwes-Universiteit soos bedoel in goewermentskennisgewing nr. 795 van 8 Augustus 2005 en gepubliseer in staatskoerant nr. 27872 van 8 Augustus 2005 word hiermee herroep vanaf die datum wat vermeld word in die staatskoerantkennisgewing soos bedoel in paragraaf 85.

Inwerkingtreding

- 85.** Die statuut tree in werking op die datum soos vermeld in die betrokke kennisgewing in die staatskoerant.

Einde